

DIE JOODSE BRUILOFSTELSE EN DIE BRUID VAN DIE MESSIAS

Dr Arnold Fruchtenbaum

INHOUD

INLEIDING	2
I. DIE REËLINGS	2
A. Die Joodse bruilofstelsel.....	2
B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias.....	2
II. DIE VOORBEREIDING	2
A. Die Joodse bruilofstelsel.....	2
B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias.....	2
III. DIE HAAL VAN DIE BRUID	3
A. Die Joodse bruilofstelsel.....	3
B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias.....	3
IV. DIE SEREMONIE	4
A. Die Joodse bruilofstelsel.....	4
B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias.....	4
V. DIE BRUILOFSFEES	4
A. Die Joodse bruilofsfees.....	4
B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias.....	4
VI. DIE BRUID SE WOONPLEK	5
A. Die Joodse bruilofstelsel.....	5
B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias.....	5

© 1983, 2005 Ariel Ministries

In Afrikaans vertaal en uitgegee deur FaithEquip (Edms) Bpk. Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie artikel mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewers in enige vorm gereproduceer word nie, behalwe in 'n kort aanhaling in 'n resensie of akademiese werk.

www.faithequip.co.za • info@faithequip.co.za

+27 (0) 21-913-4159 • Botrivierstraat 14, Proteavallei, Bellville, 7530

www.ariel.org • homeoffice@ariel.org

INLEIDING

Hierdie Messiaanse Bybelstudie ondersoek hoe die Joodse bruilofstelsel ooreenstem met die raadsplan wat God vir die Messias as die Bruidegom, en die kerk as die Bruid van die Messias het. Hierdie onderwerp sal in ses afdelings behandel word.

I. DIE REËLINGS

A. Die Joodse bruilofstelsel

Die eerste stap in die Joodse bruilofstelsel is die tref van die bruilofsreëlings. Dit werk só dat die bruidegom se pa reëlings tref met die bruid se pa. Hy betaal ook 'n bruidsprys aan die bruid se pa. Hierdie stadium kan moontlik al plaasvind terwyl die bruid en bruidegom nog kinders is; dikwels ontmoet hulle mekaar nie eens voor die bruilofsdag nie. Dit was byvoorbeeld die geval met my grootouers. Hulle het mekaar eers op hul bruilofsdag ontmoet.

B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias

Die toepassing vir die Bruid van die Messias is dat God die Vader, die Vader van die Bruidegom, die reëlings getref het en toe die bruidsprys betaal het. Die bruidsprys was sy Seun se bloed. Ons lees dit in twee skrifgedeeltes. Die eerste teksgedeelte is Efésiërs 5:25b: ... *soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het.*

Die tweede teksgedeelte is Johannes 3:16a: *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het.* Die bruidsprys is betaal deur sy Seun prys te gee en sy Seun se bloed te laat stort; die reëlings is dus met bloed beseël.

II. DIE VOORBEREIDING

A. Die Joodse bruilofstelsel

Die tweede stap in die Joodse bruilofstelsel staan bekend as die voorbereiding. Dit is die verlowingstydperk. Dit duur ten minste een jaar, maar kan ook baie jare lank duur, veral as die reëlings al getref is toe die bruid en bruidegom nog kinders was. Die bruid word in hierdie tydperk geskool en voorberei om die rol van eggenote te vertolk. Dit is ook die tydperk waarin die bruid se reinheid in oënskou geneem word. Dit is hoekom die verlowing altyd ten minste een jaar lank duur – sodat nege maande kan verloop en daar op dié manier seker gemaak kan word dat die bruid ten tyde van die verlowing 'n maagd was. Indien sy geboorte skenk voor die jaar verby is, weet almal dat sy in 'n onsedelike toestand verkeer het.

Die voorbereidingstydperk, oftewel die verlowingstydperk, kan dus kort of lank duur. Dit kan slegs een jaar lank wees, of dit kan baie, baie jare lank duur, veral omdat die reëlings wat tot die verlowing gelei het, dikwels getref word as die bruid en bruidegom nog kinders is.

B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias

Die toepassing van die voorbereidingstadium vir die Bruid van die Messias, die Kerk, is dat die Bruid tans besig is om vlekkeloos gemaak te word vir die Bruidegom. Daar is twee skrifgedeeltes wat oor hierdie stadium handel.

Die eerste een is 2 Korinthiërs 11:2: *Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel.*

Paulus sê dat die Kerk *aan een man verbind* oftewel verloof is. Die doel is dat sy *as 'n reine maagd* aan die Messias voorgestel kan word. Sy is tans in die voorbereidingstydperk, wanneer die bruid leer hoe om 'n goeie vrou vir haar man te wees. Wanneer daardie dag aanbreek, sal sy *as 'n reine maagd* aan die Messias voorgestel word.

Die tweede skrifgedeelte is Efésiërs 5:26-27: *om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergelyks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.*

Volgens vers 26 ondergaan die Kerk tans 'n proses van heiligmaking. Die woord "heiligmaking" beteken "om afgesonder te word". Die *gemeente* word dus in ooreenstemming met 2 Korinthiërs 11:2 vir die Messias afgesonder om uiteindelik *as 'n reine maagd* aan die Messias voorgestel te word. Vers 26 wys voorts daarop dat sy deur heiligmaking *gereinig* word. Die heiligmakingsmetode is *die waterbad deur die woord*. Dit geskied nie deur doping met water nie, maar deur die water van God se Woord. Hoe meer die Kerk gelyk word aan dit wat die Woord van God ons leer, hoe meer word sy die *maagd* wat aan Hom voorgestel moet word.

In vers 27 word die rede vir die heiligmakingproses wat in vers 26 genoem word, verstrekk. Die doel van hierdie heiligmakingproses is om die Kerk *verheerlik* aan te bied. Dit is bloot 'n ander manier om te sê wat hy in 2 Korinthiërs 11:2 gesê het: dat die doel is om die Kerk *as 'n reine maagd aan Christus voor te stel*. Hier word dit net anders gestel, naamlik dat die Kerk *verheerlik* sal wees.

Paulus gee voorts vier kenmerke van 'n verheerlikte kerk. In die eerste plek sal dit *sonder vlek* wees, wat beteken dat daar “geen uiterlike ontering” sal wees nie. In die tweede plek sal dit *sonder rimpel* wees, wat beteken dat daar “geen teken van ouderdom” sal wees nie. In die derde plek sal dit *heilig* wees, wat beteken dat die Kerk uiteindelik “volledige heiligmaking sal bereik”. Vierdens sal daar geen *gebrek* wees nie, wat daarop dui dat daar “geen innerlike ontering” sal wees nie. Die tydstip waarop hierdie gebeure uiteindelik finaal sal afspel, is by die Regterstoel van die Messias, waar die oordeelsvuur die Kerkklimate se hout, hooi en stoppels sal verteer, en die goud, silwer en kosbare stene sal suiwer.

In Efésiërs 5:29 staan: *want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente.*

Paulus onthul twee dinge in hierdie vers: Eerstens wys hy hoe die Kerk besig is om *verheerlik* te word; die Kerk word gevoed; die Kerk word opgebou en sy ontvang krag. In die tweede plek onthul hy dat die Kerk gekoester word; sy word met hartlikheid en teerheid versorg.

III. DIE HAAL VAN DIE BRUID

A. Die Joodse bruilofstelsel

Die Joodse bruilofstelsel het bepaal dat die bruidegom die bruid op die bruilofsdag moet gaan haal en na sy huis toe moet bring. Dit sou lei tot 'n bruidsoptog soos die een wat byvoorbeeld in Mattheüs 25:1-13 voorkom. Die bruidegom het weggegaan en keer nou terug met die bruid. Die maagde in hierdie gelykenis verteenwoordig nie die Kerk nie. Die maagde gaan uit om die bruidegom tegemoet te gaan wanneer hy saam met sy bruid na sy huis toe terugkeer.

B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias

Die toepassing vir die Bruid van die Messias is die Wegraping van die Kerk. Die haal van die Messias se Bruid sal deur die Wegraping van die Kerk verwesenlik word. Die belangrikste skrifgedeelte oor die Wegraping is 1 Thessalonicense 4:13-18. In vers 13 word die vraag gevra: “Wat van die ontslape gelowiges? Sal hulle dan nie baat by die Wegraping nie? Sal slegs lewendes die voordeel daarvan geniet?” Paulus sê in vers 14-15 dat die ontslapenes nie die voordeel van die Wegraping sal misloop nie; trouens, hulle sal selfs nog vóór die lewendes gelowiges daaruit voordeel begin trek.

In vers 16-17 stip Paulus die sewe stappe uit waarvolgens die Wegraping sal plaasvind. Die Messias sal eerstens die aarde se atmosfeer vanuit die Hemel betree. Daardeur sal Hy as 't ware die realm van die Bruid se woonplek binnegaan. Tweedens sal die Here neerdaal met 'n *geroep*. Die Griekse woord wat gebruik word, beteken “'n militêre bevel”. Hy sal dus die bevel dat die proses moet begin soos 'n weermaggeneraal uitreik. Die derde stap sal *die stem van 'n aartsengel* wees. Mígaël, die aartsengel, word hier as die Tweede-in-bevel uitgebeeld wat die Hoofbevelvoerder se bevel herhaal. Dan, vierdens, sal die *geklank van die basuin van God* weerklink. Nadat die Tweede-in-bevel sy bevel uitgereik het, sal die trompetspeler sy basuingeklink laat hoor sodat die soldate kan weet wat om te doen: om aan te val, te retireer, vorentoe of regsom te gaan, terug te val of wat ook al. Só sal die basuin van God weerklink. Dan, vyfens, sal dié wat in die Messias *gestorf* het, *eerste opstaan*. Dít is hoekom die ontslape gelowiges nie die voordeel van die Wegraping sal misloop nie. Hulle sal dit eerste ontvang, omdat hulle eerste opgewek word. In die sesde plek sal dié wat nog lewe *weggevoer* [of *weggeraap*] word, *die Here tegemoet in die lug*. Die gelowiges sal van dan af by die Here wees, want Hy is die gelowiges se Bruidegom. Vers 18 sê vir ons dat hierdie gedeelte 'n woord van bemoediging is vir dié van ons wat gelowige vriende en familielede het wat oorlede is. Hulle sal eendag opgewek word. As ons teen daardie tyd nog lewe, sal ons saam met hulle weggeraap word.

Nadat die Bruid gehaal is en Hemel toe geneem is, sal die finale fase – reiniging en heiligmaking – aanbreek. 1 Korinthiërs 3:10-15 beskryf die Regterstoel van die Messias as die tydperk wanneer “die hout, hooi en stoppels” weggebrand sal word en die “goud, silwer en kosbare stene” gesuiwer sal word.

Volgens 1 Korinthiërs 15:50-58 sal die Kerk inderdaad verheerlik word, want die “verganklike sal met onverganklikheid beklee word, en die sterflike met onsterflikheid”.

IV. DIE SEREMONIE

A. Die Joodse bruilofstelsel

Die vierde stap, die seremonie, is in die bruidegom se huis gehou. Slegs 'n paar mense, gewoonlik die nabye familieleden en twee getuies, is genooi om in te kom en die bruilofseremonie te aanskou.

B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias

Die toepassing van hierdie vierde stap op die verhouding van die Kerk, in haar hoedanigheid as die Bruid, met die Messias, is dat daar 'n seremonie in die Hemel sal wees. Die enkeles wat na hierdie seremonie toe genooi sal word, is die enkeles wat reeds in die Hemel sal wees; nie al die ander nie. Slegs dié wat reeds weggeeraap is, sal aan die bruilofseremonie kan deelneem.

Die belangrikste skrifgedeelte vir die bruilofseremonie is Openbaring 19:6-8: *En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die heiliges.* Hierdie skrifgedeelte bevat die vierde stap in die Joodse bruilofstelsel, die seremonie. Die seremonie vind in die Hemel plaas, en dit word gevolg deur die Messias se Wederkoms. Johannes bespreek die Wederkoms in vers 11-16. Die bruilofseremonie in die Hemel sal net voor die Wederkoms op aarde plaasvind. Soos die Joodse gebruik is, sal net 'n paar mense genooi word, naamlik dié wat reeds in die Hemel is.

Daar is drie hoofpunte in hierdie verse. In die eerste plek het *die bruilof van die Lam ... gekom*. Johannes skryf hier oor die bruilofsfees van die Lam, wat net voor die Wederkoms in die Hemel sal plaasvind. Tweedens het die *vrou ... haar gereed gemaak*. Sy is nou verheerlik. Daar is "geen vlek of rimpel, gebrek of enigiets dergelyks" nie. In die derde plek is sy bekleed *met rein en blink fyn linne*. Johannes vertolk *die fyn linne as die regverdige daad van die heiliges*. Dit wys dat die heiligmakingsproses ná die Regterstoel van die Messias voltrek is, en dat die Bruid inderdaad *as 'n reine maagd* by die bruilofseremonie aan Jesus voorgestel kan word.

V. DIE BRUILOFSFEES

A. Die Joodse bruilofsfees

Die bruilofsfees is die vyfde stap in die Joodse bruilofstelsel. 'n Klomp mense word na die bruilofsfees genooi. Hoewel slegs 'n paar mense na die bruilofseremonie genooi word, word baie ander mense na die bruilofsfees genooi om die seun se bruilof te vier. Die hele bruilofsfees duur dikwels sewe dae.

B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias

Die toepassing vir die Kerk as die Bruid van die Messias is dat die bruilofsfees op aarde sal plaasvind. Trouens, die Koninkryk sal afskop met die bruilofsfees. Baie meer mense sal na die bruilofsfees genooi word as wat by die bruilofseremonie teenwoordig was.

Die Ou-Testamentiese gelowiges sal byvoorbeeld by die bruilofsfees wees, aangesien die Ou-Testamentiese gelowiges ná die Verdrukking (Jes 26:19; Dan 12:2) opgewek sal word. Johannes die Doper het homself in Johannes 3:28-30 nie as die Bruidegom of as deel van die Bruid beskou nie, maar homself in 'n derde kategorie, naamlik *die vriend van die bruidegom*, geplaas. Die vriende van die bruidegom is die Ou-Testamentiese gelowiges; hulle sal die "baie ander" wees wat na die bruilofsfees genooi word. 'n Tweede groep mense wat nie by die bruilofseremonie sal wees nie, maar wel by die bruilofsfees, is die gelowiges uit die Verdrukking. Hierdie gelowiges sal ná die Wederkoms opgewek word (Openb 20:4-6). Hulle sal ook gaste by die bruilofsfees wees.

Israel sal die derde groep wees. Diegene wat die Verdrukking oorleef, sal die Messiaanse Koninkryk betree, en sal ook genooide gaste wees by die bruilofsfees waarmee die Koninkryk begin.

Jesaja 25:6 maak dit duidelik dat die Koninkryk met die bruilofsfees afskop. Jesaja skryf in die konteks van die Koninkryk: *En die HERE van die leërskaar sal op hierdie berg vir al die volke berei 'n maaltyd van vetspyse, 'n maaltyd van ou wyn, van vetspyse vol murg, van gesuiwerde ou wyn.* Die Koninkryk begin dus wel met 'n fees, 'n bruilofsfees om spesifiek te wees. Dit is waar ander mense genooi gaan word om hieraan deel te neem.

Die uitnodiging na die bruilofsfees gaan net voor die Wederkoms uitgestuur word. Ons het daarop gewys dat Openbaring 19:6-8 na die bruilofseremonie verwys. Vers 9 gaan dan voort om oor die bruilofsfees uit

te wei: *Toe sê hy vir my: Skryf — salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam.* Die *bruilofsmaal van die Lam* word nie op hierdie tydstip bedien nie. Slegs die uitnodigings daarvoor word gestuur. Die uitnodiging word kort voor die Wederkoms gestuur. Vers 11-16 beskryf die Wederkoms en – nadat daar 75 dae verloop het – die vestiging van die Koninkryk. Die Koninkryk begin met die bruilofsfees. Net soos die bruilofsfees sewe dae lank kan duur, sô kan die *bruilofsmaal* ook sewe dae lank, of selfs sewe jaar lank, duur. Die Ou-Testamentiese gelowiges en die gelowiges uit die Verdrukking sal in daardie 75 dae lange tydperk opgewek word. Hulle is die “baie ander” wat aan die bruilofsfees sal deelneem.

VI. DIE BRUID SE WOONPLEK

A. Die Joodse bruilofstelsel

Die sesde stap het met die bruid se woonplek te doen. Volgens die Joodse tradisie moet die bruidegom vir die bruid ’n geskikte woonplek bied. Hy werk in die voorbereidingsfase, die tweede fase, om dit gereed te kry.

B. Die toepassing vir die Bruid van die Messias

Toe Jesus met sy Hemelvaart teruggekeer het na die Hemel, was een van die redes daarvoor sodat Hy ’n plek vir die Bruid kon gaan voorberei (Joh 14:1-3). Die plek wat Hy vir sy Bruid voorberei, word elders “die Nuwe Jerusalem” genoem. Dit is die toepassing: Jesus berei tans ’n geskikte tuiste vir sy Bruid, die Kerk, voor; die gelowiges sal daardie tuiste betrek wanneer die Ewigheidstoestand, die Ewigheidsbedeling aanbreek.

Die hoofskrifgedeelte hiervoor is Openbaring 21:9-22:5, waar Johannes die Bruid se woonplek kan sien. Openbaring 21:9-10 sê: *EN een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plaë, het na my gekom en met my gesprek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. En hy het my in die gees weggevoer op ’n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal.* Volgens vers 9 is die Bruid nou die vrou van die Lam, aangesien die bruilofseremonie en die bruilofsfees teen hierdie tyd al plaasgevind het, en hulle al eenduisend jaar lank getroud is. In vers 10 sien Johannes die ewige tuiste van die Bruid, die Nuwe Jerusalem, ná die duisendjarige Ryk. Dan begin hy in Openbaring 21:11-22:5 om die besonderhede van die Nuwe Jerusalem, die tuiste van die Bruid, uiteen te sit.

Dit is die verhouding tussen die Joodse bruilofstelsel en die Kerk as die Bruid van die Messias. Party aspekte daarvan is reeds vervul; ander is besig om in vervulling te gaan, en ander wag nog in die toekoms. Daar wag ’n blink toekoms op diegene wat in Jesus se Messiasskap geglo het.

INDIEN U HIERDIE BYBELSTUDIE GENIET HET, BEVEEL DR. FRUCHTENBAUM DIE VOLGENDE AAN:

MBS002, 003, 005, 006, 007, 015, 018, 026, 027, 040, 062, 080, 087, 114, 115, 116, 117, 118, 119, 120, 122, 134, 155, 157, 158, 176, 177, 178 en 179.